Van Rauch tot Zoid in Skouspel!

Huisgenoot se jaarlikse Afrikaanse musiekfees, Skouspel!, vind weer hierdie naweek plaas.

Dié glansgeleentheid in Sun City se Superbowl het die afgelope twee jaar groot gehore en die grootste name in ligte Afrikaanse musiek saamgegooi.

Vanjaar se hoofattraksie is sekerlik Laurika Rauch, wie se nuwe album, *Vier seisoene kind*, pas uitgereik is.

Nog stem-swaargewigte op die Skouspel!-verhoog is Mimi Coertse en Yvonne Chaka Chaka.

Dozi en Theuns Jordaan sal rustiger musiek sing, terwyl Karen Zoid dié groot lokaal gaan laat rock.

Die ligter kant van die program word verskaf deur sangers soos Kurt Darren, Juanita du Plessis, Shine4 en die *boy band* Eden.

Gehoorlede kan waarskynlik 'n vokale kragtoer verwag van Amanda Strydom, terwyl Die Grafsteensangers en Amasiko die aand se humor sal verskaf. Laasgenoemde is saamgestel uit lede van die a capella-groepe Cut Glass en Afrika Mamas. En wat sal 'n *Huisgenoot*-konsert wees sonder Steve Hofmeyr?

Die konsert vind Saterdagaand plaas en kaartjies is by Computicket beskikbaar.

Laurika Rauch is bo-aan die plakkaat vir die derde Skouspel! wat in Sun City gehou word.

Foto: JOHANN VAN TONDER